KRUISKERK.CO.ZA
Gespreksgemeente sonder grense
info@kruiskerk.co.za

*Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Eksodus 33: 12-23
**Tema :** Metafoor :Om die Here van agter te sien en gaan Hy ook by ons verby?

BROODJIES VIR DIE PAD

"As human beings, we are naturally driven by goals beyond physical satisfaction or mental supremacy to seek a deeper level of meaning and fulfilment."
— Philip Sheldrake, Spirituality: A Very Short Introduction

"It is an iron rule of history that what looks inevitable in hindsight was far from obvious at the time."
— Yuval Noah Harari, Sapiens: A Brief History of Humankind

"We go through the present blindfolded... Only later, when the blindfold is removed and we examine the past, do we realise what we've been through and understand what it means. "
— Milan Kundera

"So do we pass the ghosts that haunt us later in our lives; they sit undramatically by the roadside like poor beggars, and we see them only from the corners of our eyes, if we see them at all. The idea that they have been waiting there for us rarely crosses our minds. Yet they do wait, and when we have passed, they gather up their bundles of memory and fall in behind, treading in our footsteps and catching up, little by little."
— Stephen King, Dark Tower Set

"Looking from outside into an open window one never sees as much as when one looks through a closed window. There is nothing more profound, more mysterious, more pregnant, more insidious, more dazzling than a window lighted by a single candle. What one can see out in the sunlight is always less interesting than what goes on behind a windowpane. In that black or luminous square life lives, life dreams, life suffers."
— Charles Baudelaire

"A waiting person is a patient person. The word patience means the willingness to stay where we are and live the situation out to the full in the belief that something hidden there will manifest itself to us."
— Henri J.M. Nouwen

"Not every story has a happy ending, ... but the discoveries of science, the teachings of the heart, and the revelations of the soul all assure us that no human being is ever beyond redemption. The possibility of renewal exists so long as life exists. How to support that possibility in others and in ourselves is the ultimate question."
— Gabor Maté, In the Realm of Hungry Ghosts: Close Encounters with Addiction

"But then, I suppose, when with the benefit of hindsight one begins to search one's past for such 'turning points', one is apt to start seeing them everywhere."
— Kazuo Ishiguro, The Remains of the Day

"That's how history unfolds. People weave a web of meaning, believe in it with all their heart, but sooner or later the web unravels, and when we look back we cannot understand how anybody could have taken it seriously. With hindsight, going on crusade in the hope of reaching Paradise sounds like utter madness. With hindsight, the Cold War seems even madder. How come thirty years ago people were willing to risk nuclear holocaust because of their belief in a communist paradise? A hundred years hence, our belief in democracy and human rights might look equally incomprehensible to our descendants."
— Yuval Noah Harari, Homo Deus: A History of Tomorrow

"Some scholars do indeed provide deterministic explanations of events such as the rise of Christianity. They attempt to reduce human

history to the workings of biological, ecological or economic forces. They argue that there was something about the geography, genetics or economy of the Roman Mediterranean that made the rise of a monotheist religion inevitable. Yet most historians tend to be sceptical of such deterministic theories. This is one of the distinguishing marks of history as an academic discipline – the better you know a particular historical period, the harder it becomes to explain why things happened one way and not another. Those who have only a superficial knowledge of a certain period tend to focus only on the possibility that was eventually realised. They offer a just-so story to explain with hindsight why that outcome was inevitable. Those more deeply informed about the period are much more cognisant of the roads not taken."
— Yuval Noah Harari, Sapiens: A Brief History of Humankind

**Geestelike waardes: Dié noodroep uit die dieptes val nie op dowe ore nie**

De profundis ("Uit die dieptes") is die Latynse openingswoorde van Psalm 130, 'n pelgrimslied waarvan die eerste vers lui: "Uit die dieptes roep ek na U, Here."

Daar is ook heelwat musiekstukke wat die titel De Profundis dra, soos die Estlandse komponis Arvo Pärt se 1980-verwerking. Op YouTube is ook die Stellenbosch Universiteitskoor se besondere vertolking van die Hongaarse komponis Levente Gyöngyösi se De profundis te vinde. En deur die eeue sou teoloë, skrywers, regisseurs en digters by die De Profundis-tema aansluit. Dit word voorts dikwels in kerklike liturgieë benut, onder meer as weeklag of as deel van die Roomse dodemis.

Die sterk resonansie van dié Psalm-woorde hou sekerlik daarmee verband dat daar tye is wanneer ons op 'n akute wyse ervaar dat ons "in die dieptes" verkeer. Die dieptes word dan verteenwoordigend van die belewenis van erge nood, onstuimigheid, verlatenheid en ellende. Daarom is dit vanuit die dieptes dat die kreet na hulp en herstel opkom.

In Psalm 130 roep die digter dan ook na die Here vanuit die dieptes, met die verdere versugting "hoor tog my stem, laat u ore aandagtig luister na my smeekgebede" (vers 2). In sy kommentaar oor Psalm 130, bring Augustinus (354-430) met beeldspraak die uitroep van die Psalmis in verband met die verhaal van Jona wat uit die dieptes van die ingewande van die vis tot die Here om hulp roep (Jona 2:2). Vir die kerkvader uit Noord-Afrika, kan die vis se maag egter nie Jona se hulpkreet demp nie. Nee, sy smeekbede bars deur die maagwand en dring deur die woeste waters, totdat dit die ore van God bereik.

Augustinus sou ook telkens in sy Confessionis (Belydenisse) by die gedagte van die hulpgeroep uit die dieptes aansluit. Ons lees, byvoorbeeld, in Boek 11/2: "Heer, hou u oor by my en ontferm U oor my", met as byvoeging: "Want as U ore ons nie ook in die dieptes opvang nie, wat sal van ons word?" En in Boek 9/12 skryf hy hoe sy trane vrylik gevloei het ná die dood van sy moeder Monica, maar dat hy tog rus kon vind "want my gehuil het net in u ore geklink – nie die ore van mense wat my gehuil dalk sou kon misverstaan en dit smalend sou wegwys nie."

Wat ons dus by Augustinus aantref, is die eerlike uitroep vanuit die dieptes. Dit is egter nie alleenlik 'n menslike stem wat dáár te vinde is nie. Met die verbeelding van die geloof word ook die oor van God in die dieptes ontdek. – RRV

---

**BROOD VIR DIE PAD**

**Cas Wepener: Op die pad na Boksburg**

Die 18de vergadering van die Algemene Sinode van die NG Kerk vind eersdaags in Boksburg plaas. In die Wes-Kaap het 'n klompie mense al in die pad geval om die geleentheid in Gauteng te gaan bywoon. Cas Wepener het hulle op Hanover in die Bo-Karoo ingehaal.

Ek was ook maar net nuuskierig. Soos iemand wat stadig verby 'n ongelukstoneel ry, wou ek hulle sien – 'n groepie mans op pad na Boksburg. Hul reputasie het hulle vooruit begin loop, want oral het mense oor hulle gekla. Veral die kerkrade op die dorpies waar hulle aangedoen het, was glad nie ingenome met die "spul leeglêers", soos een skriba na hulle verwys het nie. Ouers het hul kinders teen hulle gewaarsku, want volgens die plaaslike predikante hang hulle by bedenklike mense in die onderdorp uit.
Hulle het vroeg in Oktober begin stap, glo uit Adderleystraat in die Kaapstadse middestad. Daar is

spekulasie dat hulle tegnies eintlik net ’n groepie hawelose mense is. Anderkant Laingsburg op die rand van die N1 het hul leier op navraag aan ’n joernalis eers na ’n kraai op ’n telefoonpaal gewys, daarna iets kwytgeraak oor rooijakkalse en hul gate, en toe gesê dat hulle nie ’n plek het om hulle koppe neer te lê nie. Soos wat hulle gestap het – Leeu-Gamka, Prins Albertweg, Beaufort-Wes, Drie Susters – het al meer mense begin saam stap. Dr. Frederick Marais, ’n stigterslid van die bekende Pelgrimstog van Hoop, het by navraag aan verskeie plaaslike kerkrade gesê dat stap goed is, miskien moet hulle hul lidmate sommer nooi om saam te stap. ’n Paar lidmate het dit toe skelmpies begin doen.

Hoe dit ook al sy, ek het uit pure nuuskierigheid ’n dag vroeër as wat ek moes die pad Boksburg toe gevat en hulle knap voor Hanover ingehaal. Teen dié tyd was daar al verkeerspolisie wat voor en agter hulle gery het weens die hoeveelheid mense wat begin saamstap het, die hele lot ook maar net so gehawend soos die kerngroepie en hul leier.

Teen die tyd wat ek my motor parkeer het, was die skare voor die NG kerk. Die leier het by die geslote ysterhekkie in die muurtjie om die kerkgebou en -terrein gestaan met die toring reg agter hom. Na soveel weke op die pad was hy al bekend vir sy stories en heelwat video-opnames het al op sosiale media getrend. Een storie oor ’n skaap wat weggeraak en weer gekry is het viral gegaan in die Vrystaat en Groot Karoo.

’n Sagte dreuning het vanaf die skare wat oral gaan sit het gekom: “ ’n Storie . . . ’n storie . . . ’n storie . . .” Een van die ouer mans in sy groepie, Pieter as ek reg gehoor het, het moeg gelyk en op die naat van sy rug onder ’n kareeboom gaan lê om te luister. Die plaaslike koster het in die paadjie voor die kerk afgeloop om beter te kan hoor terwyl hy met valkoë die mense wat so naby aan sy eiendom gekom het, dopgehou het. Self het ek verby ’n paar mense geskuur om beter te kan hoor, maar ek moet erken, ek was maar skepties oor wat die ou gaan kwytraak. Op ons dorp in die Boland skop jy deesdae ’n prediker agter elke bos uit en daar is al meer kerke en vind-jouself-werkwinkels as akkerbome op Stellenbosch.

Die verlore seun

“ ’n Boer in die Bo-Karoo het twee seuns gehad.” Skielik was Hanover tjoepstil. “Die jonger een, PG, het na sy pa gegaan en gevra of hy sommer nou al sy erfgeld kan kry.” Agter my het ’n boer in ’n blou en groen two-tone hemp vir sy buurman gefluister: “Is presies ook wat Kobus mos ander week vir my kom vra het.”

“Sy pa het toe die besittings tussen PG en sy ouer broer verdeel. PG het die besittings omgesit in geld en is vort. Sy eerste stop was Spanje waar hy die Camino-pelgrimstog na Santiago de Compostela gaan stap het. Dit was duur. Toe het is hy met ’n trein na Nederland waar hy agter toneelspelers wat The Passion uitvoer, aangeloop het. Ook nie verniet nie. In sogenaamde Thomasdienste het hy saam met dosyne twyfelaars vraag op vraag oor die sin van die lewe gevra. En in oorverdowende Hillsong- en His People- en Shofar-dienste het hy uit volle bors gesing met sy arms in die lug. By universiteite het hy stilletjies in godsdiensfilosofie- en teologie klasse ingeglip. In kerkgeboue waar reënboog-vlae bokant die ingang gemonteer is, het hy saam met die mense brood gebreek.” Uit die hoek van my oog kon ek sien Kobus se pa was nou spyt oor wat hy vroeër vir sy buurman vertel het.

“PG wou nog soveel mense ontmoet en plekke besoek – Iona, Taizé, Mekka, Jerusalem – maar sy geld was op. Hy het op treinstasies geslaap waar hy dikwels verjaag is. Hongerpyne het hy probeer stil deur baie water te drink. Van hongerte en min slaap het hy begin hallusineer. Gereeld het beelde van die plaas by hom opgekom – sy slaapkamer wat hy weet leeg gestaan het; sy pa en broer wat boer en wêreldbekerrugby kyk; skaapvleis en roosterkoek en malvapoeding; die kerkbasaar en koffie en gesels in die kerksaal op Sondae.

“Dit was op ’n bankie in die Kompanjiestuin in Kaapstad wat PG vir homself gesê het: ‘Op die plaas is daar oorgenoeg kos en ek vergaan hier van die honger. Ek sal opstaan en na my pa gaan.’ En op die skouer van die N1 in die Bo-Karoo het PG uit die taxi geklim en begin aanstryk na die plaashek, maar sy pa het hom al gewaar toe hy nog maar uit die minibus geklim het. PG se pa het sy selfoon uit sy boonste hempsak gehaal, die plaas se WhatsApp-groep oopgemaak en getik: ‘Vinnig, trek PG se bed vars oor, haal tjops en wors uit die deep freeze, sit ’n six pack in die yskas, hang ’n vars stel klere uit, want my seun is terug!’ PG en sy pa het omhels, daarna dadelik ’n vuur aangesteek, biltong in ’n bakkie gegooi, twee Castle Lagers oopgeskroef en Afrikaanse treffers in die lapa begin speel.

“PG se ouer broer was besig om uit die agterste veld terug te ry met die bakkie toe hy die musiek helder oordag hoor. ‘Ska-Rumba’ is die eerste liedjie wat hy gehoor het en daarna het ‘Rooirokbokkie’ gespeel. Terwyl hy ry het hy die plaasbestuuder ge-WhatsApp: ‘Wat de drommel gaan aan?!’ Die antwoord was dadelik op sy selfoonskerm: ‘Jou broer is terug.’ En hy was woedend, het op die plaaswerf die bakkie se deur toegeslaan, maar net buite die lapa bly staan en wou nie ingaan nie. Sy pa het uitgekom na hom terwyl Kurt

Darren 'Kaptein' gesing het. Toe sy pa voor hom staan het PG se ouer broer 'n uitbarsting beleef: 'Ek sloof myself my lewe lank af op die plaas! En ek dien al vir drie termyne as diaken. Elke Sondag sit ek in die erediens langs pa. Ek ken die Kerkorde uit my kop, volg dit jota en tittel en help selfs vir dominee Jan daarmee! Ek is afgevaardigde na die Ring, die Streeksinode en selfs nou die Algemene Sinode, maar nee, ek kry nie eers 'n hoenderbraai nie.'

"Die pa het sy oudste seun lank en innig omhels. Terug gestaan, maar steeds sy kind se skouerknoppe met sy groot hande vasgehou en hom diep in die oë gekyk: 'NG, jy is altyd by my, en alles wat myne is, is joune. Ons moet feesvier en bly wees. Moenie net hier staan nie, kom in my kind.' "

• Wepener is 'n professor in teologie aan die Universiteit Stellenbosch en bevestigde predikant in die NG kerk.Die menings van skrywers is hul eie en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.

*wynandgnel@outlook.com 082 901 5877*